

2 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 9:19-29

Fokusgedeelte: Romeine 9:19-22

Goeie nuus: Die lewende God verkies én verwerp

Oor die uitverkiesing sing 'n mens, want wat is beter as om te weet en glo dat jy verkies en verlos en veilig is. Hoe wonderlik om seker te wees dat jy geroep, getrek, gebind én gekies is om te lewe, desondanks die sondedood wat 'n mens gekies het.

Wie sing oor die verwerping? Wat van die “ongelukkige” keersy van die verkiesing, dit wat sing sinloos maak? Wie kan tog teen God se wil ingaan? Jy kan daar niks aan verander nie. Dit is óf verkies óf verwerp en eintlik is 'n mens se hande afgekap. Mooi sê Paulus van vers 20 af: menslike vrae bevestig eintlik niks anders nie as dat die mens vergeet het wie en wat hy presies is. Maak net weer seker en onthou dat jy nie die pottebakker is nie maar die klei. Kan die klei die pottebakker verwyf? Kan klei op die pottebakkershand en wiel aanspraak maak? Kan klei die vorm voorskryf? Nee, die pottebakker is in beheer – hy het 'n vrye keuse. Hy beskik volkome oor vormlose klei. Net só beskik God oor mense, oor jou. Jy is soos kleigrond wat niks verdien nie en indien die pottebakkershand jou nie vorm nie, kan jy, stof van die aarde, jou nie verhef nie.

Kyk hoe anders is die ewige Pottebakker. Ek word verdra en gevorm en mag lewe. Jy mag weet dat die genade van jou verkiesing juis daarin sigbaar word dat nie almal verkies is nie. Juis dit maak die genade tot genade. Dat daar klei is wat nie tot die ewige verlossing gevorm word nie – juis dit bevestig God se genade, ook vir jou. Eerbiedig onthou 'n mens dat Hy mense ook verwerp. Jy wat in Christus omvorm is, sal jy dan nie leef van Sy genade nie? Dit is die genade in Christus Jesus wat jou op die pottebakkerswiel van God se guns herskep het. Die lewende God wat verkies en verwerp, het jou verkies en wil jou Vader wees. Sal jy dan jou Maker ooit verwyf? Vir geen oomblik nie. Jy sal eerder lofsingend van die werk vertel waardeur God jou verbly het.

Sing: Skrifberyming 34:3

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)